

30 Mei

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5

Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:8-11

Wie meen dat hy staan moet oppas dat hy nie val nie

Die Here gebruik Petrus om jou te waarsku teen die mag van Satan. Jy moet nooit dink dat jy sterk genoeg is om in eie krag staande te bly nie. Petrus het self ondervinding hiervan. Op die vooraand van Jesus se kruisiging was hy selfversekerd, maar later dieselfde aand het sy moed hom begewe. Hy het sy Here drie keer verloën toe sy eie veiligheid in gedrang gekom het.

Daarom waarsku hy jou om nie die krag van die duiwel te onderskat nie en om nie jou eie krag te oorskat nie. Die duiwel is jou vyand. Hy loop voortdurend soos 'n brullende leeu rond op soek na iemand om te verslind. Christus het hom reeds oorwin. Daarom probeer hy op die mees slinkse en listige manier om sy volgelinge tot 'n val te bring.

Die Here roep jou om nugter en wakker te wees. Wees op jou hoede vir die duiwel se mag en verleiding. Moenie dat hy jou aan die slaap vang nie, want jou vyand is gedug. Hy rus nooit nie. Bly ook standvastig in die geloof. Hou vas aan die Here se beloftes en vertrou volkome op Hom. Weerstaan die duiwel. Stuit en beveg hom. Moet nie aan hom 'n vatplek in jou lewe gee nie, want hy lei jou die ewige dieptes in. In eie krag sal jy dit nooit kan doen nie. Jy kan dit alleen doen in die krag van Hom wat die duiwel reeds gestuit en oorwin het.

Ds C Kruger (Nelspruit)